# Die Paasfees Verhaal

Dis Paasfees in Jerusalem, en Jesus en sy dissipels vier ook Paasfees. Jesus vra vir sy dissipels om ‘n spesiale kamer daarvoor reg te kry, en terwyl hulle aan die tafel sit wys Hy vir hulle dat Judas Hom gaan verraai.

Jesus weet dat Hy gaan sterf Hy wil hê ons moet altyd onthou dat Hy vir ons sondes gesterf het, en daarom stel Hy die eerste Nagmaal saam met Sy dissipels in. Vandag vier ons wat in Jesus glo nog altyd die Nagmaal, want dan onthou ons dat God vir Jesus gestuur het om ons sondes weg te neem.

Nadat Jesus en sy dissipels klaar die Nagmaal gebruik het, gaan hulle na ‘n Tuin met die naam Getsemane waar Jesus gevang word, omdat Judas vir die priesters gewys het waar om Jesus te kry.

Die Jode, Jesus se eie mense, het besluit dat Hy gekruisig moes word. Nadat Jesus BAIE geslaan was, het hulle Hom aan die kruis vasgespyker.

Jesus het BAIE swaar gekry aan die kruis, en net voordat Hy dood is het Hy gesê: “Dit is volbring”. Dit beteken: nou is die sonde klaar betaal, Jesus het satan oorwin en hy het geen mag meer oor ons nie.

Na Jesus se dood is Hy in doeke toegedraai en in ‘n rotsgraf gesit met ‘n groot klip voor. drie dae nadat Jesus dood was, het Hy uit die dood uit opgestaan, Maria Magdalena en van Jesus se dissipels het gesien dat Sy graf leeg was en dit vir die ander dissipels gaan vertel.

Jesus het opgestaan, Hy leef, Hy het die dood oorwin sodat satan geen mag meer oor ons hoef te hê nie.